

**Dinsdag 24 Januarie**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:9**

### **Die Gees van God woon in julle**

Vir iemand wat aan Christus behoort, is dit vanselfsprekend dat die Gees van God in hom/haar woon. Gee jouself nou bietjie rekenskap van wat hierdie inwoning van die Gees vir jou beteken en wat dit vir jou lewe inhou.

Inwoning hou permanensie in. Die Heilige Gees kom nie net so nou en dan per geleentheid nie, maar Hy kom om te bly. Verder hou inwoning intimiteit in. Dit is nie bloot ons subjektiewe gevoel nie, maar dit is die persoonlike inwoning van God self, van die persoon van God, die Heilige Gees.

Hierdie inwoning beteken dat jy die tuiste van die Gees is, die huis waarin Hy woon en waaruit Hy werk – Hy neem beheer van jou lewe oor, Hy verander jou van slaaf van die sonde tot kind van God, Hy maak jou nuut, Hy beseël jou as eiendom van God en waarborg dat jy alles sal ontvang wat God belof het. Hy leer en herinner en lei jou in die hele waarheid. Hy rus jou toe vir diens in en opbou van die liggaam van Christus. Hy laat jou groei uit Christus en na Christus toe. Hy stuur jou uit as getuie. As die Gees oorneem, bring Hy lewe en vrede.

Die uiteindelijke en finale vervulling van die verbondsbelofte: “Ek sal my Gees in julle gee” (Eseg. 36:27), kom in sig as die woonplek van God by die mense sal wees en Hy by hulle sal bly (Op. 21:3). Hierdie inwoning van die Heilige Gees is ’n gawe, ’n gawe wat terselfdertyd ook ’n verpligting is, en hierdie verpligting is om jou deur die Gees van God te laat lei.

Die 1933/’53-Bybelvertaling se vertaling van die fokusvers: “as naamlik” die Heilige Gees in julle woon, is nie bedoel om die inwoning van die Gees in die gelowiges onseker te maak nie. Inteendeel, omdat ons seker is dat die Gees in ons woon, weet ons dat ons oorgegaan het van ons sondige bestaan waarin ons self in beheer bly tot die nuwe lewe waarin ons onder die heerskappy van die Gees vir Christus lewe.

Laat julle dan deur die Gees van God wat in julle woon, lei.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. H (Hessel) Dijkstra (Emeritus)*